

Sondag 21 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 9:32-43 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 9:32, 36, 38 (1953-vertaling)

Leef jy waarlik as heilige en dissipel?

Gister het ons gesien dat volgelingen van Jesus eers in Antiogië die naam Christene gekry het (vgl. Hand. 11:26). Vroeër is ander name gebruik om na hulle te verwys, name wat vandag nog geld. Vandag kyk ons na twee verdere name wat duidelik word wanneer ons ons teks in die 1953-vertaling bestudeer (ongelukkig vertaal die 1983-vertaling telkemale die name bloot met die woord “gelowiges”).

In Handeling 9:32 verskuif die fokus vanaf Saulus se bekering na die verdere groei en vestiging van die kerk, gedring deur die Heilige Gees. Daar staan dat Petrus op 'n keer by die “heiliges” gekom het wat in Lidda woon. Volgelingen van Jesus is dus ook heiliges. Heilig – nie omdat hulle uit hulleself heilig is nie, maar omdat hulle in Christus geheilig is.

Iemand wat heilig is, is spesiaal en afgesonder. In Christus is ons vir die Here afgesonder om vir Hom te leef. Hy het elkeen wat glo se sonde afgewas en hom/haar nuut gemaak. Die gesondmakingswonder van Eneas bevestig hierdie gesondmaking (heiligmaking) wat daar vir ons in die Here is. Streef jy daarna om daaglik heilig vir die Here te lewe?

In Handeling 9:36 kom Petrus in Joppe. Daar was 'n sekere “dissipelin” met die naam Tabita. In vers 38 lees ons ook van die “dissipels” wat Petrus laat roep het. 'n Dissipel is iemand wat 'n leermeester volg om by hom te leer. Die dissipel volg die leermeester in woord en daad na. Die gelowiges in Joppe was dus mense wat die Here Jesus gevolg het. Tabita was 'n besondere voorbeeld hiervan. Haar dood was 'n groot verlies, haar opwekking 'n groot troos. Sy volg Jesus in dood en in opstanding.

Wys jou lewe dat jy Jesus navolg in woord en daad, in lewe en in sterwe?

Sing: Psalm 118-1:1, 7

Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)